MOEDERS-
* DAG *

Moedersdag gaan daaroor om vir al ons ma's dankie te sê en om spesiaal aan net hulle te dink een keer 'n jaar. Moedersdag word nie noodwendig in die Bybel genoem nie, maar dit noem wel hoe ons ons moeders moet hanteer en optree teenoor hulle.

Moenie vergeet om sensitief te wees teenoor kinders wat nie ma's het nie, maar moedig hulle aan om aan 'n ander vroulike figuur te dink in hulle lewens wat vir hulle baie beteken. Gebruik ook hierdie geleentheid om die kinders daaraan te herinner dat 'n Hemelse Vader baie lief is vir hulle en vir hulle wil omgee.

So ongeveer 150 jaar terug het 'n vroutjie Anna Jarvis besluit om 'n dag te reël om mense bewus te maak van die slegte gesondheids- en arm omstandighede in haar gemeenskap, iets wat sy geglo het moeders aan moet werk en mee moet help. Sy het dit 'moeders se werksdag' genoem.

Nadat Anna se ma oorlede is, wou Anna se dogter (wat ook Anna genoem was) ietsie spesiaal vir haar ma doen, sodat mense haar ma sou onthou. Sy het een keer gehoor dat haar ma gehoop het dat iemand eendag 'n spesiale dag sal maak net vir ma's.

Anna het baie hard begin dink en werk daaraan om 'n spesiale dag vir ma's te maak. Sy het selfs met die president en ander belangrike leiers gepraat om te kyk of sy nie 'n dag kan begin waar ma's spesiaal geeer kon word nie. In 1914 het 'n man met die naam Woodrow Wilson, 'n brief onderteken waarin hy moedersdag 'n amptelike vakansiedag gemaak het. 'n Dag waarop daar spesiaal aan ma's gedink word en dankie gesê word vir ma's reg oor die wêreld.

Die snaakse ding is dat Anna op die ou end niks van moedersdag gehou het nie. Sy wou nie gehad het dat moedersdag moet gaan oor duur geskenke en duur blomme nie. Dit moes 'n dag wees waar elkeen vir sy/haar ma kon vertel hoe lief hulle vir hulle is en hoeveel hulle hul waardeer. Onthou dus dat moedersdag nie oor die duur geskenke gaan nie, maar liefde uit die hart.



Aktiwiteit

Knip die hart uit en pons 'n gaatjie bo in die hartjie. Trek 'n lintjie daardeur sodat dit dubbele is en om die ma se nek gehang kan word. Laat die kinders die harte versier en plak 'n lekkertjie in die middel van die hartjie vas. Verkieslik 'n lekkertjie in 'n papiertjie.